

Geagte Student-onderwysers

Welkom by Hoërskool Zwartkop en dankie dat jy ons skool gekies het vir jou praktiese opleiding.

Net 'n paar reëlings vir jou besoek aan H/S Zwartkop:

- **Skool begin** om **07:15** vir onderwysers (dan moet almal in die personeelkamer wees). Onthou die verkeer is baie besig tydens die nuwe skooldag van 'n nuwe kwartaal, so maak seker jy reken ekstra reistyd in.
- **Rapporteur** by die ontvangs op jou eerste dag asb. (Sekretaresse sal jou deurstuur na die personeelkamer). Na jy rapporteer het beweeg jy deur na die personeelkamer.
- **Studente sit** by die middelste tafel in die personeelkamer. Die ronde tafels aan die kante is vir die onderskeie graadgroepe.
- **Kleredrag** moet betaamlik wees. Mans moet langbroeke dra met 'n oopknoop-hemp (Gholfhemp is in orde). Geen T-hemde nie asb. Dames kan langbroeke, rokke/rompe dra. Gee "ski pants" of plakkies nie asb. Indien jy nog onseker is dink net hoe die leerders aantrek en onthou jy is 'n voorbeeld vir hulle.
- **Studente parkering** word deur die aangehegte kaart verduidelik. Moet asb. nie op enige ander parkeerplek parkeer nie, want dit is toegewys aan personeel.
- Na personeelvergadering beweeg studente deur na die "vierkant" vir die skoolopening waar hulle aan die leerders voorgestel sal word.
- Na skoolopening sal Mnr. Slabbert 'n vergadering hou met die studente-onderwysers waarna hulle na hul onderskeie mentor-onderwysers geneem sal word.
- Hoërskool Zwartkop is 'n **rookvrye skool** soos deur die Minister van Gesondheid en die Minister van Onderwys verklaar. Geen leerders, personeel of ouers mag op die skoolterrein rook nie.
- Pouse van die eerste skooldag, sal die Hoof Dr. D. Strydom met die studente gesels in Mnr. Slabbert se klas **H1**.
- Elke student kry 'n lêer met 'n registrasievorm, skoolinligting, asook 'n nabetragtings vorm wat na afloop van besoek voltooi moet word.
- Aangeheg (*op webblad*) sal u ook 'n kaart van die skool, inligtingsbrief oor die skool (**GPS tot Zwarrieland**) en parkeer aanwysings kry. Roosters van al die mentor onderwysers sal in onderskeie lêers beskikbaar wees.
- Indien jy 'n kaart benodig van hoe om by die skool te kom, kan jy op ons webblad (www.zwarries.co.za) kyk by KONTAK ONS.

Geniet jou vakansie! Ons ontmoet julle vroeg in die nuwe kwartaal. Jy is welkom om my te SMS of te bel as daar enige vrae of probleme is.

Zwarriegroete

Mnr. D. Slabbert

STUDENTEKOÖRDINEERDER

Tel: 072 326 4166

E-Pos: slabbert@zwarries.co.za